SAKE 24 (Beeld)
Friday, 3 April 2009, p. 6

Beleggingsbedryf dobber rigtingloos rond weens ekonomiese krisis

Nellie Brand-Jonker, Kaapstad

Die beleggingswêreld het verlede jaar sy "intellektuele kompas" verloor.

Mnr. Tony Gibson, senior portefeuljebestuurder by Coronation-fondsbestuurders, het op 'n onlangse beleggingspraatjie gesê die gebeure van verlede jaar was baie moeilik om te voorspel.

Gibson het verwys na die implikasies van die kredietborrel wat verlede jaar gebars het. "Die meeste van ons het nie besef wat die omvang is van die skuld en die skade wat dit kan veroorsaak nie."

Alle beleggingsmodelle in die aandelemark het misluk. Dit het nie saak gemaak watter soort belegger 'n fondsbestuurder in 2008 was nie. Selfs waarde-beleggers wat belê in maatskappye met 'n lae prys-verdienste, hoë dividend-opbrengs en lae prys-tot-boekverhouding het gely.

"Normaalweg beskerm die waarde-benadering jou redelik goed in 'n beermark," het hy gesê.

Die wêreld is in die gemors waarin dit is oor skuld wat die afgelope jare opgebou het en die kredietborrel wat gebars het.

Gibson het gesê 'n massiewe skuldontlading het verlede jaar plaasgevind – van verskansingsfondse tot beleggingsbanke, en huishoudings het bates verkoop om kontant te kry.

Hy het verwys na die uitvloei wat verskansingsfondse beleef het. "Met sulke tipe likiditeitseise verkoop jy wat jy kan en nie net jou goedkoopste aandele nie."

Gibson het gesê die tempo waarteen aandele die afgelope ses maande tot vroeg Maart verkoop is op die S&P, is in reële terme die ergste nog.